

# LAERSKOOL EVERSDAL

## TAALBELEID

### 1. PROSES VAN ONTWIKKELING

Hierdie dokument is oor 'n periode van tyd ontwikkel en vervang enige vorige beleid van hierdie aard wat voorheen as riglyn vir handeling gedien het by die Laerskool Eversdal.

### 2. RELEVANTE DOKUMENTASIE

Die volgende dokumente word as agtergrond en verwysing gebruik vir die onderhewige beleid :

1. WKOD se Taaltransformasieplan (TTP) in Omsendbrief 4/2007
2. Die Nasionale Taal-in-onderwysbeleid van 1997.
3. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003), artikel 3(4)(m) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996)
4. Norme en Standaarde t.o.v. die taalbeleid i.g.v. artikel 6(1) van die SA Skolewet van 1996.
5. Artikel 6 en 9 van die Grondwet van die RSA (Wet 108 van 1996)
6. Die Pan SA Taalraadwet (Wet 59 van 1955)
7. Die Nasionale Kurrikulumverklaring.
8. Artikel 5 van die Grondwet van die Wes-Kaap (Wet 1 van 1998)
9. Die Wes-Kaapse Taalwet (Wet 13 van 1998)
10. Die Wes-Kaapse Taalbeleid (2005)
11. Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 12 van 1997)
12. Die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)

### 3. HISTORIESE AGTERGROND

Laerskool Eversdal is in 1976 gestig as 'n parallelmedium skool vir 750 leerders. Sedert sy ontstaan het die skool hierdie status gehandhaaf en binne hierdie raamwerk gefunksioneer, terwyl die skool gegroei het tot meer as 1200 leerders.

### 4. TAALMODELLE

#### 4.1 TWEETALIGHEID

As parallelmedium skool is dit die strewende om tweetaligheid te bevorder in beide taalgroepe, Engels en Afrikaans, en hulle te verenig in 'n enkele, hegte skoolgemeenskap waarin die taal en kultuur van beide eerbiedig en bevorder word en waarin 'n kultuur van respek vir die land se diverse taalgemeenskappe gekweek word.

## 4.2 PARALLELMEDIUM

Die skool is amptelike as parallelmedium skool geregistreer en word op hierdie basis binne die onderrig hanteer. Die beteken dat leerders nie blootgestel sal word aan onderrig binne 'n klaskamer wat gelyktydig of afwisselend in Afrikaans of Engels geskied nie. Onderrig geskied in slegs een taal op 'n slag.

## 4.3 DUBBELMEDIUM

Hierdie benadering is nie die bedryfsopsie van die skool nie. Dubbelmedium-onderrig word nie aangebied mits die skool om praktiese redes soos leerdergetalle en verspreiding van leerders genoodsaak is om onderrig op dubbelmedium basis aan te bied. Alle moontlike opsies sal in ag geneem word voordat hierdie opsie geaktiveer word.

## 4.4 MOEDERTAALONDERRIG

Die skool ondersteun alle pogings om moedertaalonderrig te verseker. Waar, op versoek van ouers, 'n ander taalopsie oorweeg word, word 'n gerigte gesprek deur die skool gefasiliteer om die implikasies van die besluit te kommunikeer. Navorsingsresultate word by sulke gesprekke as basis vir oorrading gebruik en beskikbaar gestel aan ouers.

## 5. TERREINE VAN TAALGEBRUIK IN PRAKTYK

### 5.1 ALGEMENE BEGINSELS

- Die Laerskool Eversdal is 'n parallelmedium skool. Daar word spesifieke klem en voorkeur vir moedertaalonderrig gegee en dit word as eerste vertrekpunt beskou.
- Behalwe vir die voorkeur vir moedertaalonderrig, is dit belangrik dat, in die beste belang van die leerder sy keuse, ervaring en bedrewenheid van onderrigtaal oorweeg word.
- Gebaseer op die huidige menslike, fisiese, materiële en finansiële hulpbronne van die skool, is die skool ten beste toegerus om die opvoedkundige behoeftes van leerders met Afrikaans en Engels as moedertale te bevredig. Derhalwe sal die behoeftes van sodanige leerders voorkeur geniet wanneer dit ook al nodig mag wees om die voorkeurorde van leerders se behoeftes te bepaal.

### 5.2 KLASKAMERPRAKTYKE

#### 5.2.1 TALE WAT AS LEERAREAS AANGEBIED WORD EN TYDSTOEWYSING

Die skool bied onderrig in tale as leerareas aan en wel in Afrikaans en Engels. Genoemde leerareas word aangebied op die volgende wyse:

- |                       |    |                                     |
|-----------------------|----|-------------------------------------|
| Afrikaanse leerders : | 1. | Afrikaans as Huistaal               |
|                       | 2. | Engels Eerste Addisionele Taal      |
| Engelse leerders :    | 1. | English as Home Language            |
|                       | 2. | Afrikaans First Additional Language |

Die voorgeskrewe KAVS tydstoewysing word gevolg nl.:

1. Graad 1-3

Fokusarea	Ure per week 23h	25h
	Gr. 1 – 2	Gr. 3
Huistaal	8 h	8 h
Eerste Addisionele Taal	2 h	3 h
Wiskunde	7 h	7 h
Lewensvaardighede	6 h	7 h

2. Graad 4 - 6

Totale onderrigtyd per week:		27,5 uur
LEERAREA	URE	
Huistaal	6h	
Eerste Addisionele Taal	5h	
Wiskunde	6h	
NW en Tegnologie	3,5h	
SW	3h	
LO (sluit Kuns, LO en Persoonlike ontw. in)	4h	

### 5.3 ONDERRIG EN LEER

Onderrig en leer vind plaas ooreenkomstig bogenoemde tydstoedeling vir die onderrig van die bepaalde tale as leerareas binne die kurrikulum.

Leerders sal verder, in alle ander leerareas, onderrig ontvang in die taalvoorkeur by inskrywing en plasing in 'n taalgroep en klas. Onderrig in hierdie klasse geskied in een taal soos ooreengekom.

### 5.4 ASSESSERING

Die tale van assessering van die skool is Afrikaans en Engels. Die volgende promosie/vorderingsvereistes is van toepassing op die onderskeie skoolfasies:

- |                   |   |   |
|-------------------|---|---|
| Grondslagfase     | : | In die grondslagfase moet ten minste een taal bemeester word.   |
| Intermediêre Fase | : | In hierdie fase moet 'n leerder ten minste een taal bemeester, met dien verstande dat gemelde taal 'n amptelike taal van die skool moet wees. |
| Senior Fase       | : | By voltooiing van graad 7 moet elke leerder beskik oor bevredigende standaarde van bedrewenheid in  |

ten minste twee van die amptelike tale.

Die vordering van leerders wat genoegsaam bedrewe is in die taal van onderrig van die skool, behoort nie vertraag te word weens die toepassing van spesiale taalvaardigheidsprogramme of die toedeling van bykomende tyd aan leerders met onvoldoende bedrewenheid in die betrokke taal van onderrig nie.

## 5.5 BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Alle leerders neem vryelik deel aan alle aktiwiteite wat na ure aangebied word. Leerders is geregtig op die afrigtingstaal van sy voorkeur, gegewe die werklikheid dat 'n span/groep uit leerders van verskillende taalgroepe kan bestaan en die afrigter dan in beide tale (dubbelmedium) instruksies *moet gee*.

## 5.6 SKOOLTERREIN

Leerders assosieer vryelik volgens eie keuse met lede van hulle portuurgroepe en ook ander in die taal van voorkeur. Daar is geen verpligting op enige leerder om 'n maat te beantwoord in lg. se voorkeurtal nie.

## 5.7 ADMINISTRASIE

Die skool se administrasie word nie volgens 'n bepaalde voorkeurtal gedoen nie. Die situasie, ontvanger en outeur van enige dokument bepaal die taal wat in korrespondensie en skrywes gebruik word. Die taal waarin die skool bedryf en bestuur word, is Afrikaans en Engels.

## 5.8 KOMMUNIKASIE

Kommunikasie geskied mondelings en skriftelik op die volgende wyses:

### 5.8.1 MONDELINGE KOMMUNIKASIE

Die skoolhoof, personeel, administratiewe en ander personeel gebruik deurgaans beide tale as medium van mondelinge kommunikasie met groepe leerders. Sensitiwiteit word egter vir elke individu se behoefte beklemtoon. Elke individuele leerder sal egter deur enige volwassene in die voorkeurtal van die leerder beantwoord en gekommunikeer mee word. Tydens saalbyeenkoms word beide tale gebruik.

### 5.8.2 GESKREWE KOMMUNIKASIE

Alle belangrike kommunikasie met ouers en leerders geskied apart in Afrikaans en Engels. Alle ouers ontvang dus omsendbriewe en rapporte ooreenkomstig die taalgroep waarin die betrokke leerders geplaas is.

Alle ander kommunikasie (Facebook, Twitter en "Die nuutste Nuus", die weeklikse nuusbrieff – Everfokus, en strooibiljette ("flyers"), asook BL-kommunikasie, word egter in beide tale aangebied met dien verstande dat gepoog sal word om belangrike of kerninligting binne die genoemde dokument in beide tale uit te lig.

### 5.8.3 OPTREDE VAN BESOEKERS

Die skool kommunikeer voor die optrede van enige besoeker aan 'n groep, groepe, of die hele skool dat daar gepoog moet word om die leerders in beide Afrikaans en Engels, te bedien.

## 6. UITBOU VAN TAALVAARDIGHEID

Die volgende opmerkings dien as riglyn :

- Die gebruik van beide amptelike tale word by leerders aangemoedig.
- Byeenkomste word in beide tale aangebied.
- Aanwysings rondom die skool verskyn in beide tale.
- Personeel moedig leerders aan om gebruik te maak van die ander taal as die leerder se primêre taal.
- Biblioteekboeke word beskikbaar gestel in beide tale vir gebruik deur leerders.
- Leerders ontvang erkenning in die vorm van vorderingstifikate en Evertokennings vir 'n demonstrasie van taalvaardigheid.
- Die skool bevorder veeltaligheid om sodoende die aanleer van respek vir ander tale as die huistaal, aan te moedig.

## 7. TAALHULPBRONNE

Hierdie ondersteuningsmateriaal word jaarliks in die begroting opgeneem om te voorsien in die nuwe skooljaar se behoeftes.

Die toedeling van tyd, hulpmiddele en ondersteuningsmateriaal word eweredig met betrekking tot beide tale beskikbaar gestel.

## 8. TAALBELEID EN TOELATINGSBELEID

- Die tale van leer en onderrig van die skool is Afrikaans en Engels.
- Moedertaalonderrig word as eerste kriteria oorweeg.
- Die ouer van die leerder oefen namens die leerder die gemelde reg uit om die taal van onderrig te kies. Hierdie keuse moet gemaak word by aansoek om toelating van die leerder tot die skool.
- Waar die taal van onderrig deur die applikant leerder gekies, dieselfde is as die taal van onderrig van die skool en met dien verstande dat daar plek vir daardie leerder in die betrokke graad se taalgroep is, moet daardie leerder tot die skool toegelaat word.
- Bogenoemde is onderworpe aan enige moontlike wetlike rede waarom sodanige toelating geweier kan word.

## 9. BESKERMING VAN REGTE

Die volgende dien vermeld te word as riglyn:

- Die Beheerliggaam maak in die skool se toelatingsbeleid voorsiening vir onderrig in Afrikaans en Engels. Die onderrigbehoefte van Laerskool Eversdal word jaarliks hersien om toe te sien dat daar aan die personeelvoorsiening voldoen word.
- Daar mag nie onregverdiglik teen enige leerder gediskrimineer word, direk of indirek, op grond van sy taal nie.
- Die skoolhoof is geregtig om 'n leerder toelating tot die skool te weier indien die skoolhoof in goeie trou en op redelike gronde glo dat sodanige weiering in die beste belange van sowel die applikant leerder as die ander leerders sal wees, weens die gebrek aan bedrewenheid van die applikant leerder in die taal van onderrig van die skool.
- Leerders mag nie benadeel word deur 'n ander leerder of groep leerders se keuse van 'n ongewone of vreemde taal van onderrig nie.
- Die voorvereiste van redelike, praktiese uitvoerbaarheid wat gekoppel is aan die reg van 'n leerder om sy taal van onderrig te kies, hou nie slegs verband met die hulpbronne van die skool nie, maar ook met die mate waartoe dié leerder waarskynlik bevoordeel en die ander leerders waarskynlik benadeel sal word, indien onderrig in die betrokke taal aan die betrokke leerder verskaf sou word.

## 10. MINDERHEIDSGROEP/IMMIGRANTE EN TAALVOORKEUR

Die volgende beginsels bepaal die praktyk in die skool :

- Leerders wat ander moedertale as Afrikaans of Engels praat, en nie in staat is om in enige van hierdie genoemde tale te kommunikeer of onderrig te ontvang nie, sal verwys word na 'n privaattutor.
- Hierdie onderriggelde is die verantwoordelikheid van die ouer en is addisioneel tot die skool se onderriggelde.
- Indien bogenoemde praktyk nie realiseer nie, word die leerders in die gewone klaskamer geakkommodeer sonder dat die skool die verantwoordelikheid vir vordering en leeruitkomste aanvaar. Taalverwerwing geskied in sulke gevalle toevallig en deur deurlopende blootstelling aan 'n onderrig en kommunikatiewe taal.
- Geïndividualiseerde taalprogramme wat privaat aangebied word, sal komponente van (i) Luistervaardighede (ii) Woordeskat (iii) Logiese redenering. (iv) Die korrekte gebruik van grammatikale strukture, taalkonsepte en beskrywende taal insluit.
- Die skool sal deur die akkommodering van multikulturele groepe met eiesoortige taalbehoefte poog om 'n kultuur van respek vir die land se diverse taalgemeenskappe te kweek en uit te bou.

## 11. HERSIENING VAN BELEID

Soos alle ander beleide, word die Taalbeleid jaarliks tydens 'n BL-Vergadering hersien vir aanpassings en/of goedkeuring.

## 12. IMPLEMENTERING VAN BELEID

Die skool beskou bogenoemde riglyne as beleid en verseker die uitvoering hiervan.

**MNR. H.L. ARANGIES**  
**LAERSKOOL EVERSDAL :**  
**SKOOLHOOF**

**MNR. ROUX VAN ZYL**  
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**

Hierdie dokument is elektronies geteken: 2022